# NEERSLAG VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1899-1902) IN DIE PORTUGESE GESKIEDSKRYWING

**OJO Ferreira**[1]

***Abstract***

*This article traces how the Anglo-Boer War (1899-1902) was chronicled in Potuguese historiography. Considering that the Portuguese colony of Mozambique shared a border with the South African Republic (Zuid-Afrikaansche Republiek – ZAR), and that Lourenço Marques was a strategic harbour during the war, Portugal was, unwillingly, involved in the conflict, directly and indirectly. King Carlos I and the Portuguese government were pro-British, but many Portuguese newspapers, intellectuals and ordinary citizens were pro-Boer. One could have expected that the war would feature fairly prominently in Portuguese historiography, but this is not the case. From 1899 to 1906, during and directly after the war, a few publications – most of which were pro-Boer – were published. However, three decades passed before studies about the war trickled through from 1936 to 1971 – probably as a result of the stormy political history being played out in Portugal during that period. Only since 1984 have sporadic scientific studies about the Anglo-Boer War been undertaken in Portuguese, but the centenary of the war (1999-2002) itself passed almost unnoticed in Portugal.*

In 'n onlangse *Festschrift* het André Wessels (geb. 1956), hoof van die Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, 'n uiters insiggewende bydrae gelewer oor die buitelandse belangstelling in en nagraadse studies oor die Anglo-Boereoorlog.[2] Byna vanselfsprekend het ook die Portugese se belangstelling in en akademiese geskrifte oor dié oorlog in Wessels se studie 'n plek gevind, want deur die strategiese ligging van die hawe Lourenço Marques (nou Maputo) in Mosambiek, die Portugese kolonie wat hulle later 'n provinsie genoem het en wat aan die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gegrens het, was die Portugese teen wil en dank by die stryd tussen Boer en Brit betrek. Hierdie artikel vir die *Joernaal* ter ere van prof. MCE van Schoor (1920-2009), voormalige hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, sluit dus direk by Wessels se bydrae aan en borduur ietwat daarop voort.

Omdat Portugal eeue oue vriendskapsverdrae met Brittanje gehad het en in Suider-Afrika goeie buurskap met die ZAR wou handhaaf, het hy hom tydens die Anglo-Boereoorlog in 'n onbenydenswaardige posisie bevind. Koning Carlos

1 Ereprofessor, Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria. E-posadres: ojof@lantic.net

2 A Wessels, "Buitelandse belangstelling in en nagraadse studies oor die Anglo-Boereoorlog" in SW le Roux em RC Fisher (reds.), *Festschrift in honour of / ter ere van O.J.O. Ferreira 2010* (Gordonsbaai, 2010), pp. 51-56.

(1863-1908) en sy vertrouelinge was kampvegters vir die Britse saak, maar ’n groot deel van die Portugese pers en bevolking was anti-Brits en het inderdaad simpatie met die Boere gehad. ’n Formele Anglo-Portugese geheime deklarasie is op 14 Oktober 1899 onderteken waardeur die deurvoer van wapens vir die Boere deur Lourenço Marques verbied is, maar aan die begin van die oorlog het die Portugese in Mosambiek toegelaat dat allerlei kontrabande die ZAR bereik en dat vreemdelingvrywilligers wat aan Boerekant wou veg, ongehinderd na Pretoria kon reis. Portugese koerante het die pro-Britse Portugese regering hewig aangeval omdat hy sy aanvanklike neutraliteitsbeleid ten opsigte van die oorlog laat vaar het en het die gewone Portugese behoorlik daaroor ingelig. Die ophemeling van en heldeverering vir die Boere wat in die koerante neerslag gevind het, het uiteraard met die sterk opkomende republikeinse gedagte in Portugal verband gehou. Republikanisme was destyds deel van die Portugese politieke denke en volgens baie republikeinsgesinde Portugese het die Anglo-Boereoorlog koning Carlos I en die destydse Portugese regering as marionette van Britse imperialisme ontmasker. Die Anglo-Boereoorlog het die republikeinse beweging in Portugal bevorder en daartoe bygedra dat Portugal op 5 Oktober 1910 ’n republiek geword het.[3] Tog is publikasies in Portugees oor die Anglo-Boereoorlog skaars.

Soektogte in Portugal en hier plaaslik na gepubliseerde bronne wat spesifiek oor Portugal en die Anglo-Boereoorlog handel, het weinig opgelewer. Algemene werke oor die oorlog wat in Afrikaans en Engels verskyn het, bevat gewoonlik terloopse verwysings na die rol wat Portugal in die oorlog gespeel het, maar dikwels word die Portugese betrokkenheid in enkele sinne verwoord of selfs totaal verswyg. Publikasies in Portugees of wat in Portugal oor die Anglo-Boereoorlog uitgegee is, is uiters skaars as in gedagte gehou word watter belangrike rol Portugal direk en indirek tydens die oorlog gespeel het. Hoewel daar geen deurlopende lyn van belangstelling onder Portugese historici en skrywers in die Anglo-Boereoorlog te bespeur is nie, was daar tog sedert die einde van die neëntiende eeu enkelinge wat temas rakende dié oorlog aangesny het. Onder hulle kan die volgende as van besondere belang beskou word:

A Alves de Carvalho het in sy *O Transvaal: seu presente e passado* (Die Transvaal: sy hede en verlede, Lisboa: Livraria Editora Guimarães, Libanio & Ca., *c.*1899) onder meer aan die volgende aandag gegee: die grense, klimaat, plantegroei, produkte, administrasie en bevolking van die ZAR; ’n goeie karakterisering van die “Afrikanders” – hulle taal, afkoms, trek na die binneland en lewenswyse (pp. 13-22); politieke organisasie, handel en nywerhede van die Transvaal; en die oorsake vir die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. De Carvalho het daarop gewys dat, aan die begin van die oorlog, die beskaafde wêreld passief toegekyk het hoe ’n

3 Kyk OJO Ferreira, “Portugal en die Anglo-Boereoorlog”, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 39 (3 en 4), September & Desember 1999, pp. 343-363.

eensydige en selfs kriminele oorlog deur Brittanje teen die Boererepublieke gevoer word. Volgens De Carvalho was dit ’n belediging vir vryheid en beskawing.[4]

Ten spyte van die belowende titel van JG Avlis se *As Guerras Anglo-Transvaalianas ou a gloria dos Boers* (Die Anglo-Transvaalse oorloë of die roem van die Boere, Porto: Typographia XX, 1900), handel hierdie publikasie van slegs 32 bladsye nie oor die oorlog nie, maar gee wel iets in die trant van karaktersketse van die Engelse en Transvalers weer voordat die grootste gedeelte van die boekie aan die Voortrekkers se onderhandelinge met Dingaan (*c*.1795-1840) en die Boere se weerwraak gewy word.[5]

Augusto de Castilho (1841-1912), ’n kenner van Afrika en voormalige goewerneur van die distrikte Lourenço Marques (1874-1875) en Inhambane (1875-1879) en goewerneur-generaal van Mosambiek (1885-1889), was een van die eerste Portugese wat aan Suid-Afrikaanse vraagstukke aandag gegee het in sy *A Questão do Transvaal: documentos colligidos, tradusidos e comunicados á Sociedade de Geographia de Lisboa* (Die Transvaalse vraagstuk: dokumenteversamelings, vertalings en communiqués van die Geografiese Genootskap van Lissabon, Lisboa: Sociedade de Geographia de Lisboa, 1881) en sy Portugese vertaling van George Pigot Moodie (1829-1891) se herinneringe as *O Transvaal e o dominio inglez: memoria* (Die Transvaal en Engelse heerskappy: ’n herinneringskrif, Lisboa: Typographia da Academia Real das Sciencias, 1881), wat albei oor die Britse anneksasietydperk van Transvaal (1877-1881) handel. In sy sterk bewoorde artikel “A guerra na África Austral” (Die oorlog in Suider-Afrika), *Revista Brasil-Portugal* 24 (Lisboa), 16 de Janeiro de 1900, het De Castilho die blaam vir die Anglo-Boereoorlog vierkantig op die Britse regering en sy opeenvolgende verteenwoordigers in Suidelike Afrika geplaas. Hy het gewys op die begeerlikheid van die Transvaalse mineralerykdom vir Brittanje, die toestroming van Engelssprekende immigrante, waarvan die meeste tot die laagste sosiale klasse behoort het, en dan die rol van die ambisieuse en geslepe Cecil John Rhodes (1853-1902).[6]

In António Duarte Gomes Leal (1848-1921) se *Krúger e a Holanda* (Kruger en Holland/Nederland, Porto: Livraria Moreira-Editora, 1901) is daarop gewys dat die Portugese in Mosambiek vanselfsprekend meer direk deur die Anglo-Boereoorlog

4 Biblioteca Nacional de Portugal, Campo Grande 83, 1749-081, Lisboa, Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: AA de Carvalho; AA de Carvalho, *O Transvaal* (Lisboa, 1899), p. 4; I Rocha, “Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)”, *História* 9 (103), Dezembro 1987, pp. 6 en 25.

5 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: JG Avlis.

6 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: A de Castilho; A de Castilho, “A Guerra na África Austral”, *Revista Brasil-Portugal* 24 (Lisboa), 16 Janeiro 1900; Rocha, pp. 6 en 25; *Bibliografia do ultramar Português existente na Sociedade de Geografia de Lisboa: Fascículo V Moçambique* (Lisboa, 1970-1973), pp. 22 en 270; OJO Ferreira en SW le Roux, *Sagres & Suiderkruis, Raakpunte tussen Portugal en Suid-Afrika deur vyf eeue* (Gordonsbaai en Jeffreysbaai, 2009), p. 270.

geraak is as hulle volksgenote in Portugal en dat hulle siening aangaande die twee strydende partye dus ook verskil het. In Portugal was koning Carlos (1863-1908), die regering en 'n deel van die bevolking pro-Brits, maar die meeste intellektuele en Republikeine het die pro-Boer sentiment met die Mosambiekse Portugese gedeel en het 'n felle afkeer aan sommige van die Britse oorlogspraktyke gehad.[7] Hierdie anti-Britse en pro-Boer gevoel onder 'n groot groep Portugese het ook in 'n artikel van Leal, "A questão de Lourenço Marques vista à luz da crítica pura" (Die Lourenço Marques-kwessie krities ontleed), *Verdades Cruas* 4 (2), s.d. (Lisboa), p. 53, neerslag gevind.[8]

Waarskynlik is min Suid-Afrikaanse historici daarvan bewus dat pres. SJP (Paul) Kruger (1825-1904) se herinneringe, soos deur HC Bredell (1856-1953) en PGW Grobler (1873-1942) opgeteken en wat as *Gedenkschriften van Paul Kruger* (Amsterdam: J. Funke, 1902) in Nederland gepubliseer is, reeds in dieselfde jaar waarin dit verskyn het, deur José Eduardo Alves de Noronha (1859-1948) in Portugees vertaal en onder die titel *Memórias do Presidente Kruger* (Lisboa: Typographia Universal, 1902) gepubliseer is. De Noronha was 'n skrywer en joernalis wat verskeie ampte in Mosambiek beklee het. Hy was onder meer die sekretaris van die goewerneur van die distrik Lourenço Marques en het toe reeds 'n belangstelling in Suid-Afrika gehad, soos sy *O districto de Lourenço Marques e a África do Sul* (Die distrik Lourenço Marques en Suid-Afrika, Lisboa: Imprensa Nacional, 1895) getuig. De Noronha het 'n besondere aangetrokkenheid tot die Boere gevoel, wat neerslag gevind het in sy *O Transvaal e o Estado Livre de Orange* (Die Transvaal en die Oranje-Vrystaat, Lisboa: Secção Ed. Da Comp. Nac. Ed., 1899). Op die titelblad van hierdie pro-Boer propagandastuk, wat 62 bladsye beslaan, is die woorde: "Propaganda de Instrucção para Portuguezes e Brazileiros" onbeskaamd gedruk. Hoofstukke I tot V vertel die verhaal van die onstaan van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat en gee 'n beskrywing van dié twee republieke, terwyl die oorsake van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, die ontdekking van goud, die Uitlander-kwessie, die rol wat die Afrikaner Bond gespeel het, die Jameson-inval en die Bloemfontein-konferensie in hoofstuk VI aan die orde kom.[9]

Volgens die katalogus van die Biblioteca Nacional in Lissabon het daar kort na die Anglo-Boereoorlog slegs een stel boeke in Portugees oor die verloop van die

7 G Leal, *Kruger e a Holanda* (Porto, 1901), p. 112; I Rocha, "Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)", *História* 9 (103), Dezembro 1987, pp. 6 en 25.

8 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: ADG Leal; I Rocha, "Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)", *História* 9 (103), Dezembro 1987, pp. 15 en 25.

9 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: E de Noronha; *Bibliografia do ultramar Português ... : V Moçambique*, p. 261; Ferreira en Le Roux, p. 270; Rocha, p. 25.

oorlog verskyn. Die koerant *Diário de Notícias* het naamlik die tweedelige werk, *A Guerra Anglo-Boer: Impressões do Transvaal* I & II (Die Anglo-Boereoorlog: indrukke van Transvaal, Lisboa: Typographia Universal, 1903) uitgegee. Die boeke, wat hoofsaaklik gebaseer is op berigte wat tydens die oorlog in dié koerant verskyn het, gee 'n baie goeie oorsig van die verloop van die oorlog en bevat onder meer treffende lyntekeninge ter illustrasie, waarvan sommige aan die sketse van die Suid-Afrikaanse kunsskilder Erich Mayer (1876-1960) herinner (**Fig. 1**). In deel I kom die volgende onder meer aan die orde: die afkoms van die Boere; die Britse ultimatum en opmars na die noorde; die veldslae van Magersfontein, Ladysmith, Colenso, Stormberg, Colesberg, Spioenkop en Vaalkrantz; die ontsetting van Kimberley; die oorgawe by Paardeberg en opmars na Bloemfontein; die ontsetting van Mafeking; die inname van Pretoria; die laaste stellingsgevegte; guerilla-oorlogsvoering; inval in die Kaapkolonie; konsentrasiekampe; blokhuislinies en vredesonderhandelinge. Deel II bevat kort lewensketse van bekende Boerefigure soos pres. Paul Kruger (**Fig. 2**), genl. CR de Wet (1854-1922) en mev. Annie Botha (1864-1937), eggenote van kmdt.-genl. Louis Botha (1862-1919), maar ook artikels oor onderwerpe soos die Delagoabaai-spoorlyn en blokhuise, terwyl enkele veldslae aan die beurt kom, byvoorbeeld Talana, Elandslaagte, Colenso, Mafeking en Tweefontein. Maar selfs in hierdie werke kry die Portugese betrokkenheid by die oorlog weinig aandag. Die *Diário de Notícias*, wat in 1864 in Lissabon gestig is en wat vandag steeds een van die invloedrykste koerante in Portugal is, se simpatie het ongetwyfeld by die Boere gelê, soos blyk uit 'n korrespondent van dié koerant se tydgenootlike en positiewe tipering van 'n Boer waarin onder meer die volgende voorkom: "Hy (die Boer) laat nie aan hom voorskryf nie en is nie bereid om hom aan iemand te onderwerp wat sy onafhanklikheid bedreig nie. Sy optrede is ru, maar eerlik en opreg. Hy beskik oor 'n sterk ontwikkelde waardigheidsbesef en respekteer ander. … Hy is gasvry, goedhartig en gaaf."[10]

Carlos Roma Machado de Faria e Maia (1861-1953) is in Lissabon gebore. In 1898 is hy as direkteur van openbare werke in Mosambiek aangestel en het vanaf 23 Junie 1900 as direkteur van die spoorwegmaatskappy Caminho de Ferro de Lourenço Marques waargeneem. Tydens pres. Kruger se verblyf in Lourenço Marques gedurende September-Oktober 1900 was De Faria e Maia vir sy veiligheid verantwoordelik. Hy is in 1913 tot luitenant-kolonel bevorder en is met die militêre ordes van São Bento (1901), Aviz (1934) en São Tiago da Espada (1934) vereer. De Faria e Maia het drie uiters leesbare boeke oor sy ervarings tydens die Anglo-Boereoorlog geskryf, naamlik *Alguns factos passados no districto de Lourenço Marques no tempo da Guerra do Transvaal em 1900: apontamentos para a história*

10 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: Diário de Notícias; Diário de Notícias, *A Guerra Anglo-Boer: Impressões do Transvaal* I (Lisboa, 1903), pp. 354-356.

(Sommige gebeure in die distrik Lourenço Marques gedurende die Transvaalse oorlog van 1900: geskiedkundige aantekeninge, Lisboa: Livraria Ferin, 1906) en *Nostalgia Africana; verídicas narratives da Guerra Anglo-Boer na fronteira entre Lourenço Marques e o Transvaal (*Heimwee na Afrika; ware verhale uit die Anglo-Boereoorlog op die grens tussen Lourenço Marques en die Transvaal, Lisboa: Oficinas Fernandes, 1936) wat 322 bladsye beslaan, maar slegs die eerste deel (Parte I, pp. 1-38) handel oor die Anglo-Boereoorlog, pres. Kruger se verblyf in Lourenço Marques en sy vertrek na Europa, die Boere se trek oor die Mosambiekse grens en hulle oorgawe aan die Portugese owerheid en lord Kitchener se opmars na Komatipoort. *Guerra Anglo-Boer de 1899-1902 na fronteira de Lourenço Marques e de Gaza (*Die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 op die grens van Lourenço Marques en Gaza, Coimbra: Tip. da Coimbra Editoria, 1943) is in sy totaliteit aan die Anglo-Boereoorlog gewy en begin met die bou van die Delagoabaai-spoorlyn, waarna pres. Kruger se aankoms en verblyf in Lourenço Marques en vertrek aan boord van die *Gelderland* na Europa, 'n karakterskets van Kruger, die verblyf van Boeregeïnterneerdes in Mosambiek, lord Kitchener (1850-1916) se opmars na Komatipoort, die staking van die spoorverbinding tussen Lourenço Marques en die Transvaal as gevolg van die oorlog en die instelling van 'n Portugese polisiepos op die Transvaalse grens volg. In sy slotbeskouing blyk die outeur se pro-Boer sentimente maar alte duidelik. Die grootste waarde van De Faria e Maia se publikasies is waarskynlik daarin geleë dat hy pres. Kruger persoonlik geken het en dat dit van die weinige betroubare bronne is wat lig werp op die president se verblyf in Mosambiek voordat hy na Europa vertrek het. Bowendien het hy oor 'n onderhoudende skryfstyl met 'n gevoel vir detail beskik.[11]

César Augusto de Oliveira Moura Bráz (soms Brás) (1881-1954) se artikel "A Guerra Anglo-Boer" (Die Anglo-Boereoorlog in *Boletim da Sociedade de Geografia de Lisboa* 70 (7-9), Julho-Setembro 1952, pp. 227-255, is waarskynlik een van die beste oorsigtelike artikels oor die Anglo-Boereoorlog in Portugees. Dit is die gepubliseerde weergawe van 'n referaat wat Bráz, as lid van die Secção de Estudos Militares da Sociedade de Geografia de Lisboa, op 24 Maart 1952 voor dié genootskap gelewer het ter herdenking aan die Anglo-Boereoorlog wat 'n halfeeu vroeër tot 'n einde gekom het. Skout-admiraal Bráz het in 1899 by die vloot aangesluit en aan boord van verskeie skepe diens gedoen. In 1903 was hy op die Kaap Verdiese Eilande gestasioneer, in 1910 het hy die hawekaptein van Lobito in Angola geword, in 1912 was hy die goewerneur van die distrik Huila in Angola en in 1916 het hy in Guinee diens aanvaar. In 1925 was Bráz een van die Portugese

11 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: CRM de Faria e Maia; *Bibliografia do ultramar Português ...: V Moçambique*, p. 257; OJO Ferreira, *Kruger in Lourenço Marques: Pres. S.J.P. Kruger se verblyf in Mosambiek, Sept.-Okt. 1900* (Pretoria, 2008), pp. 39-44; Ferreira en Le Roux, p. 270.

kommissarisse wat vir die grensafbakening tussen Mosambiek en die Unie van Suid-Afrika verantwoordelik was; vandaar sy belangstelling in Suid-Afrikaanse geskiedenis. Bráz se artikel begin met 'n bondige oorsig van die geskiedenis van Suid-Afrika van die landing van Jan van Riebeeck in 1652 tot die ontwikkeling in die Kaapkolonie, die Groot Trek en die totstandkoming en groei van die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek. Daarna behandel hy die uitlander-kwessie en bespreek die rol van die Afrikaner Bond en Cecil John Rhodes, die bou van die Delagoabaai-spoorlyn en die Jameson-inval, voordat hy 'n saaklike oorsig van die verloop van die Anglo-Boereoorlog gee en veral die optredes van figure soos pres. Paul Kruger, kmdt.-genl. Louis Botha, genl. CR de Wet en lord Kitchener uitlig. Bráz is een van die min Portugese outeurs wat wel aan die einde van sy artikel poog om Portugal se direkte en indirekte betrokkenheid by die oorlog aan te toon.[12]

Die Fortaleza in Peniche was een van die plekke waar Boeregeïnterneerdes tydens die Anglo-Boereoorlog in Portugal gehuisves is. Dit is dus nie vreemd dat hulle verblyf aldaar ook in Mariano Calado (geb.1928) se studie *Peniche na história e na lenda* (Peniche volgens die geskiedenis en oorlewering, Cacilhas: Gráfica Progressiva de Cacilhas, 1984) neerslag gevind het nie. Calado was nie alleen die direkteur van die museum in die Fortaleza in Peniche nie, maar is ook skrywer en digter.[13]

Omdat die Kruger-miljoene so 'n direkte verband met die Anglo-Boereoorlog het, verdien enige Portugese publikasie daaroor vermelding. Alfredo Pereira de Lima (geb. 1917), voormalige stadsargivaris van Lourenço Marques, het twee romans met die Kruger-miljoene as tema in dieselfde jaar die lig laat sien, naamlik *Os milhões de Kruger* (Die Kruger-miljoene, Lourenço Marques: Miverva Central, 1963), waarvoor Alexandre Marques Lobato (1915-1985) die voorwoord geskryf het, en *Na pisto do tesouro de Kruger* (Op die spoor van die Kruger-skatte, Lourenço Marques: Miverva Central, 1963). De Lima is in Lourenço Marques gebore en het na sy opleiding as joernalis in Mosambiek gewerk. Sy belangstelling in Suid-Afrikaanse geskiedenis het egter verder gestrek as bloot die Kruger-miljoene. Vanaf 1944 het hy saam met dr. WHJ Punt (1917-1970) noukeurig navorsing gedoen om die grafte van die oorledenes van die Louis Trichardt-trek in Lourenço Marques op te spoor. Hy was ook betrokke by die oprigting van die Louis Trichardt-gedenktuin wat in 1968 ingewy is. De Lima se navorsing het in *A História de Louis Trichardt* (Die geskiedenis van Louis Trichardt, Lourenço Marques: Minerva Central, 1964) neerslag gevind. Die bou van die Delagoabaai-spoorlyn word in sy brosjure *História dos Caminhos de Ferro de Moçambique* (Geskiedenis van die spoorweë

12 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: CA de OM Bráz; *Bibliografia do ultramar Português …: V Moçambique*, p. 257 <http://www.hidrografico.pt/cesar-augusto-moura-bras-1881-1954.php>

13 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: M Calado.

van Mosambiek, Lourenço Marques: Adm. dos Portos, Caminhos de Ferro e Transportes de Moçambique, 1971) beskryf.[14]

Ilda Belo Carmona se proefskrif, *Relações entre os Portugueses de Moçambique e os Boers ou Holandeses de África* (Verhoudinge tussen die Portugese van Mosambiek en die Boere of Afrikaanse Hollanders, Lisboa: Universidade de Lisboa, 1954), waarmee sy aan die Universidade de Lisboa gepromoveer het, dek die tafel vir die historiese rol wat die Portugese van Mosambiek tydens die Anglo-Boereoorlog sou speel[15] en kan as ’n voorloper van António da Silva Rego (1905-1986) se soortgelyke studie beskou word. Prof. Rego, wat die leerstoel van die Instituto Superior de Ciências Sociais e Política Ultramarina aan die Universidade Technica de Lisboa beklee het, het die bondige, maar insiggewende *Relações entre Moçambique e a África do Sul (1652-1900)* (Verhoudinge tussen Mosambiek en Suid-Afrika (1652-1900), Lisboa: Companhia Nacional Editoria, 1965) die lig laat sien, waarin veral aan die verhouding tussen die ZAR en die Portugese in Mosambiek en die bou van die Delagoabaai-spoorlyn, wat aanvanklik so ’n sleutelrol in die oorlog gespeel het, aandag gegee word. Die sesde afdeling van hierdie publikasie beklemtoon die simpatieke houding van die Portugese bevolking teenoor die Boere.[16]

Richard Pattee (geb. 1906) het sy doktorsgraad aan die Universidade de Coimbra in Portugal verwerf en was later ’n professor aan die Université Laval in Quebec, Kanada. Hy was ook ’n lid van die Sociedade de Geografia de Lisboa, die Academia Internacional de Cultura Portuguesa en die Sociedade de Língua Portuguesa. In sy lywige *África do Sul vizinha de Portugal* (Suid-Afrika nabuur van Portugal, Lisboa: Junta de Investigações do Ultramar, 1971) staan hy deel I, pp. 68-74, aan die Anglo-Boereoorlog af. Dit is interessant om daarop te let dat sy hoofbron vir hierdie gedeelte GHL le May se *British supremacy in South Africa, 1899-1907* (Oxford, 1965) is, maar dat hy ook GD Scholtz (1905-1983) se *Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (Johannesburg, 1947) en *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (Johannesburg, 1941) geraadpleeg het.[17]

Darius (Dario) Flores Leão de Almeida e Silva de Klerk is in 1922 in Humpata, Angola, gebore as die seun van lt. Jacobus Abraham (Koos) de Klerk, die adjudant van genl. SG (Manie) Maritz (1876-1940) tydens die Rebellie (1914-1915) en sy

14 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: AP de Lima; WHJ Punt, *Louis Trichardt se laaste skof* (Pretoria, 1953), pp. 180, 186-187, 192, 200 en 209; Ferreira en Le Roux, pp. 270-271.

15 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: IB Carmona. Hierdie studie is ook in 1956 gepubliseer in *Moçambique – Documentário Trimestral (Lourenço Marques)* 22 (85), pp. 33-59; 22 (86), pp. 37-66; 22 (87), pp. 27-38; en 22 (88), pp. 27-49. Vgl. *Bibliografia do ultramar Português ...: V Moçambique*, p. 271.

16 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: A da S Rego; Ferreira en Le Roux, p. 270.

17 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: R Pattee.

uitwyking en verblyf in Alcobaça, Portugal. In Portugal het lt. De Klerk op dona Maria Catarina Leão de Almeida e Silva, 'n dame uit die Portugese adellike stand, verlief geraak en in 1919 met haar getrou, waarna hulle hul in Angola gevestig het. Dario was later in diens van die Suid-Afrikaanse ambassade in Lissabon en is die outeur van *The Boers in Portugal* (Lisboa: Execução Gráfica de Mirandela, 1985), wat oor die Boeregeïnterneerdes in Portugal (1899-1902) handel, maar ook aan genl. Maritz se verblyf in Portugal aandag gee. De Klerk was wel geen opgeleide historikus nie, maar hy het 'n magdom feite oor die Boeregeïnterneerdes byeengebring en fyn detail neergepen wat sy boek besonder leesbaar maak.[18]

Die belangrikheid van Lourenço Marques (Maputo) as strategies geleë hawe vir Boer en Brit voor en tydens die Anglo-Boereoorlog, pres. Kruger se verblyf in Lourenço Marques voor sy vertrek na Europa en die Boeregeïnterneerdes se verblyf in Mosambiek voordat hulle na Portugal oorgeplaas is, is die onderwerp van 'n baie deeglike artikel deur Ilídio José Rocha (1925-2002), "Lourenço Marques e a Guerra Anglo-Boer (1899-1902)" (Lourenço Marques en die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in *História* 9 (103), Desember 1987, pp. 4-25. In sy artikel gee Rocha onder meer aandag aan die rol wat Cecil John Rhodes en koningin Victoria (1819-1901) tydens die oorlog gespeel het; Portugal se aanvanklike "neutraliteit"; die belangrikheid van die Delagoabaai-spoorlyn; pres. Kruger se verblyf in Lourenço Marques en vertrek na Europa; die Britse opmars na die Mosambiekse grens; en kontrabande en ander oorlogsmaneuvers waarin Lourenço Marques direk of indirek 'n rol gespeel het. Ilídio Rocha, prolifieke historikus, joernalis en digter, het sy opleiding in Viana do Castelo, Oporto en Lissabon ontvang en het daarna 'n pos aan die Instituto de Investigação Científica de Moçambique aanvaar en hom in 1949 in Mosambiek gevestig, waar hy 'n redaksie- en stigterslid van verskeie plaaslike koerante was, maar ook artikels oor die geskiedenis en letterkunde van Suider-Afrika vir vier vooraanstaande koerante in Portugal gelewer het. Rocha het die grootste deel van sy lewe in Mosambiek deurgebring en Suid-Afrika dikwels besoek. Onder die talle boeke wat hy geskryf het, is veral *Das terras do Império Vátua ás praças da República Boer* (Die grondgebied van die Vátua Ryk as afsetgebied vir die Boererepubliek, Lisboa: Publicações Dom Quixote, 1987) en *Portugueses em África: Peregrinos, pícaros e funantes* (Portugese in Afrika: swerwers, skurke en handelaars, Portugal: Círculo de Leitores, 1994) vir Suid-Afrikaanse historici van belang. Al sy geskrifte oor die verhouding tussen die Portugese en die Transvalers getuig van 'n bepaalde empatie met die Boere sonder om sy objektiwiteit in te boet.[19]

18 Nicol Stassen, *Afrikaners in Angola, 1928-1975* (Pretoria, 2009), p. 279; Ferreira en Le Roux, p. 271.

19 Vir bondige lewensbeskrywings van Rocha kyk: I Rocha, *Portugueses em África: Peregrinos, pícaros e funantes* (Lisboa, 1994), pp. 187-190; OJO Ferreira, "† Ilídio Rocha (1925-2002), Portugese historikus met 'n belangstelling in Suider-Afrika", *Historia* 48 (2), November 2003, pp. 1-5; Ferreira en Le Roux, pp. 273-275.

Luís António Covane, adjunkminister van onderwys en kultuur in Mosambiek, is die outeur van *As relações económicas entre Moçambique e África do Sul, 1850-1964: acordos e regulamentos principais* (Die ekonomiese betrekkinge tussen Mosambiek en Suid-Afrika, 1850-1964: belangrike ooreenkomste en statute, Maputo: Arquivo Histórico de Moçambique, 1989), waarin onder meer aan die klandestiene migrasie van Mosambiekse arbeiders na die myne en plantasies in Suid-Afrika aandag gegee word, maar wat ook raak aan die verdrae tussen die ZAR en die Portugese van Mosambiek wat tydens die Anglo-Boereoorlog gegeld het.[20] Dit sluit aan by António Rita Ferreira se *O movimento migratório de trabalhadores entre Moçambique e a África do Sul* (Die beweging van trekarbeiders tussen Mosambiek en Suid-Afrika, Lisboa: Junta de Investigações do Ultramar, 1963).

Een van die plekke waar die Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog gehuisves was, is Caldas da Rainha. Aanvanklik het sommige van hulle in die Hospital Termal Rainha Donna Leonor onderdak gevind. Dr. José de Sousa Machado, die destydse adjunkdirekteur van dié warmbronhospitaal, het in sy *Hospital Termal Rainha D. Leonor: Relatorio Clinico ano de 1992* (Die Warmbronhospitaal Koningin Dona Leonora: Kliniese verslag vir 1992, Caldas da Rainha: Centro Hospitalar das Caldas da Rainha, 1993) ’n inleidende hoofstuk aan die Boeregeïnterneerdes afgestaan – kompleet met twee satiriese karikatuursketse deur Manuel Gustavo Bordalo Pinheiro (1867-1920), seun van die beroemde Portugese keramiekkunstenaar en karikaturis en boorling van Caldas da Rainha, Rafael Bordalo Pinheiro (1846-1905).[21]

Hermínio da Conceição Esteves, medeprofessor in Geskiedenis aan die Universidade Autónoma de Lisboa Luís de Camões, se verhandeling *A África do Sul: da Guerra Anglo-Bóer aos nossas dias* (Suid-Afrika: die Anglo-Boereoorlog vandag, Lisboa: Instituto Superior de Ciências Sociais e Políticas, 1996), is een van die meer onlangse Portugese akademiese studies waarin die Anglo-Boereoorlog aan die orde kom. Ten spyte van die baie belowende titel, handel die inhoud van hierdie magisterverhandeling hoofsaaklik oor die Suid-Afrikaanse politieke ontwikkeling, politieke stelsels, sosiale segregasie en apartheid, die vrylating van Nelson Mandela en die einde van apartheid. In die studie wat 329 bladsye beslaan, het slegs pp. 48-51 direk op die Anglo-Boereoorlog betrekking.[22]

Fernando Carlos das Dores Costa is in 1965 in Lobito, Angola, gebore. Hy was van 1991 tot 1996 die sekretaris van die Instituto de História Contemporânea van die Universidade Nova de Lisboa en daarna hoof van die tegniese afdeling

---

20 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: LA Covane; Ferreira en Le Roux, p. 272.

21 OJO Ferreira, *Viva os Boers! Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Pretoria, 2000), pp. 198-199.

22 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: H da C Esteves; Ferreira en Le Roux, p. 272.

van die Fototeca do Palácio Foz in Lissabon. Costa het sy meestergraad in kontemporêre geskiedenis in 1995 aan die Universidade Nova de Lisboa verwerf met 'n studie oor Portugal en die Anglo-Boereoorlog wat onder die titel *Portugal e a Guerra Anglo-Boer: Política externa e opinião pública 1899-1902* (Portugal en die Anglo-Boereoorlog: buitelandse beleid en openbare mening 1899-1902, Lisboa: Edições Cosmos, 1998) gepubliseer is. Costa se studie is tans verreweg die belangrikste publikasie in Portugees oor Portugal se betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog. Die eerste deel van die boek bevat 'n ontleding van die oorsake van die Anglo-Boereoorlog en die Portugese betrokkenheid in die stryd. Costa kom tot die gevolgtrekking dat die oorlog eintlik 'n "logiese epiloog" na 'n voortdurende eeuelange stryd tussen Boer en Brit was. Daarna word die verskillende fases van die oorlog beskryf en kom die buitelandse beleid van die Portugese regering aan die orde. In die tweede deel van die boek word die invloed wat die Anglo-Boereoorlog op die buitelandse en koloniale beleid van Portugal gehad het, ontleed. Veral die Windsor-verklaring van 1899, die beheer oor kontrabande in die hawe van Lourenço Marques en die daaropvolgende Brits-Portugese verdrae word in diepte bespreek. In die derde deel van die studie word die Portugese openbare mening en die Portugese koerante se beriggewing aangaande die Anglo-Boereoorlog, asook die invloed daarvan op die binnelandse politiek beskryf. Voortvloeiend uit sy studie het Costa, met Pedro Lains (geb. 1959) as mede-outeur, 'n artikel oor die Anglo-Boereoorlog geskryf, naamlik "Portugal e a Guerra Anglo-Boer" (Portugal en die Anglo-Boereoorlog, *História* 42, 2002, pp. 153-174).[23]

Guilherme da Fonseca Statter (geb. 1941), hoof van Afrikastudies van die Instituto Superior de Ciências do Trabalho e da Empresa, se proefskrif getiteld *A África do Sul e o sistema-mundo: da Guerra dos Boers à globalização* (Suid-Afrika en die wêreldorde: die Boereoorlog en globalisering, Lisboa: Instituto Superior de Ciências do Trabalho e da Empresa, 2004), is die jongste akademiese studie in Portugees waarin die naam "Anglo-Boereoorlog" (of dan direk vertaal: Boereoorlog) in die titel voorkom. Die proefskrif, wat hy onder leiding van prof. Franz-Wilhelm Heimer (geb. 1930) geskryf het, beslaan 376 bladsye, maar die Anglo-Boereoorlog kom net in 'n onderafdeling van hoofstuk IX, "O Caso da África do Sul – Breve resenha histórica" (Die Suid-Afrikaanse kwessie – 'n kort historiese opsomming), ter sprake, naamlik onder "A Segunda Guerra dos 'Boers'" (Die Tweede Boereoorlog) op pp. 176-184. 'n Interessante, maar aanvegbare stelling wat Statter kwytraak, is dat die moderne geskiedenis van Suid-Afrika eers werklik as gevolg van die Anglo-Boereoorlog wêreldgeskiedenis geword het.[24]

---

23 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: FC das D Costa; AA Ferreira, Moçambique, 1489-1975 (Lisboa, 2007), p. 461; Ferreira en Le Roux, p. 272.

24 Biblioteca Nacional de Portugal: Porbase – Base Nacional de Dados Bibliográficos: G da F Statter; Ferreira en Le Roux, p. 272.

Die hooftemas wat deur die 20 outeurs wie se werke hierbo vermeld is, aangesny word, is: ’n algemene oorsig van die verloop van die oorlog (ses); die oorsake wat tot die Anglo-Boereoorlog aanleiding gegee het (vyf); Portugese openbare mening aangaande die oorlog en invloed op Portugese politiek en buitelandse beleid (vyf); die Portugese in Mosambiek se betrokkenheid by die oorlog (vier); die Boeregeïnterneerdes in Mosambiek en in Portugal (vier); pres. SJP Kruger se verblyf in Lourenço Marques en vertrek na Europa (vier); karakterisering van die Boere (drie); die rol van die Delagoabaai-spoorlyn in die krygsverrigtinge (drie); die Kruger-miljoene (een); en die betekenis van die oorlog in globale verband (een).

Dertien van die 20 outeurs se pro-Boer sentimente blyk maar alte duidelik of skemer deur uit die inhoud van hul publikasies, terwyl die ander sewe werke op grondige navorsing berus en daarom veronderstel is om meer objektief te wees. Wanneer na die publikasiedatums van die boeke gekyk word, is dit duidelik dat ’n groot getal tydens en direk na die Anglo-Boereoorlog verskyn het (agt tussen 1899-1906). Dan is daar drie dekades van absolute droogte wat publikasies oor die oorlog betref. Die destydse gebrek aan belangstelling in die Anglo-Boereoorlog onder Portugese historici en skrywers kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat Portugal in daardie stadium self ’n stormagtige fase in sy geskiedenis beleef het, naamlik die sluipmoord op koning Carlos I en die kroonprins Luís Filipe (1887-1908) op 1 Februarie 1908, die omverwerping van die monargie en die totstandkoming van die republiek op 5 Oktober 1910, Portugese deelname aan die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) vanaf 1916, die oorheersing deur ’n militêre diktatorskap in die twintigerjare en die totstandkoming van die *Estado Novo* (Nuwe Staat) onder leiding van António de Oliveira Salazar (1889-1970) in 1933. Teen die middel van die dertigerjare het boeke oor die Anglo-Boereoorlog weer drupsgewys die lig gesien (agt tussen 1936-1971). Sedert die middel van die tagtigerjare het studies oor die oorlog met redelike tussenposes verskyn (sewe tussen 1984-1998). Vreemd genoeg het die eeufeesherdenking van die Anglo-Boereoorlog weinig Portugese publikasies tot gevolg gehad, maar kan die werke van Esteves (1996), Costa (1998) en Satter (2004) moontlik as sodanig beskou word, maar nou binne ’n nuwe bestel en as onderdeel van ’n verwikkelde Suid-Afrikaanse geskiedenis.

**Fig. 1.** Skets van die verwoesting van 'n Boerewoning deur Britse soldate wat tydens die Anglo-Boereoorlog in die Portugese koerant *Diário de Notícias* in Lissabon verskyn het en wat aan tydgenootlike sketse van Erich Mayer herinner wat styl betref.



**Fig. 2.** ’n Skets van pres. SJP Kruger wat in die *Diário de Notícias* verskyn het.

